

Dinsdag 27 Februarie

Skrifgedeelte: Hosea 13:5-15

Fokusgedeelte: Hosea 13:14

Die Here gee sy kinders nooit prys nie: Hy verlos hulle van die dood

Hosea 13 meld die volk Israel (Tien Stammeryk) se sondige ongehoorsaamheid wat God se oordeel verdien het. Die Here het hulle uit Egipteland deur die woestyn die Beloofde Land ingelei (:5-6). Maar ... toe dit materieel met hulle goed begin gaan, het hulle die Here vergeet. Daarom het die Here hulle getugtig soos 'n wilde dier wat sy prooi verskeur (:7-8).

Tog het hulle nie tot berou en bekering gekom nie. Gevolglik was hulle soos 'n vrou wat geboortepyne kry ... sonder dat 'n kind gebore word. Daar was geen vrug op die pyn of tugtiging nie. Al beteken Efraim "vrugbaarheid", het hulle vrugbaarheid omgekeer in on-vrugbaarheid en sou hulle weens hulle sonde *alles* verloor. Beroof van alle aardse besittings, sou die Here hulle as volk deur die goddelose Assiriërs laat uitroei.

Reeds in Samuel se tyd wou die volk Israel nie die Here as Koning hê nie. Hulle wou 'n koning hê soos die volke rondom hulle. Later wou Israel ook nie die koning uit die nageslag van Dawid (Rehabeam) aanvaar nie. Daarom het hulle weggebreek van Juda en die koningshuis van Dawid.

Tog lees ons steeds van genade en verlossing: God *wou* vir sy volk 'n Koning wees. Hy het hulle "geken" (:5) en met hulle 'n verbond gesluit. Daarom sou Hy vir hulle 'n "Helper" wees (:9) wat die geestelike Israel vir altyd uit die mag van die doderyk sou loskoop en verlos (:14). Dit sou God ook later genadiglik doen in en deur Jesus Christus, ons Here.

Daarom kan gelowiges ook vandag uitroep: "Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?" (1 Kor. 15:55).

Sing: Psalm 116-1:5, 7

Dr. JH (Jac) Howell (Die Kandelaar)